

### **Abigail Kühn (18)**



My name is Abigail Kühn, a matric learner in Kuswag Hoërskool. I live in a small coastal town in Amanzimtoti in KwaZulu-Natal. My hobbies include writing, drama and working on my writing business, Die\_skurwejantjie. I am extremely passionate about writing, and I hope to communicate messages that are important to me, to others as well. I have big aspirations of becoming a journalist one day and that is why I want to go to University and enroll in a BA journalism degree next year.

### **Suid Afrika, Suid Afrika**

In die bekommernis, pyn en seer,  
Die geskiedenis wat stadig verrot en verweer,  
bewonder ek my land se prag.

Fynbos glimlag op na die Afrika-son,  
die berge staan regop maar hulle sou slaap as hul kon.  
Die verlore kindertjies hardloop en baljaar in die straat  
ons verskille en hartseer heeltemal in die agtergrond verlaat.

Van waar Oupoot tussen bome skuil,  
en Afrika-jagters hul trots in ons geskiedenis teken,  
van hoe die hiënas in die bosse sit en huil,  
hoe die mossies vir God bewys wat hulle beteken.

### **Suid-Afrika, Suid-Afrika**

Ek roep jou in my moedertong,  
Vanuit die blouste hemel en die diepste see,  
Ek vra jou tog - sal jy krag aan ons mense gee?

Die elf van ons, met ons eie dialek,  
Die woorde van ons almal wat oor ons land rek,  
Ons land, ons land dis hier waar ons smeek  
Sal jy dan die Nkosi Sikelel' iAfrika oor ons spreek?